
Toewyding 2016

Status: Dissipel



Welkom by ons Toewyding vir 2016. Ons sien uit om hierdie jaar saam met jou te stap.

Ons gemeente se tema vir die jaar is “**Status: Dissipel**” Ons fokus daarop om nie net te praat oor Jesus en oor geloof nie, maar om Hom te volg, en ons geloof te lèëf.

Deel van die Toewydingstyd, is 10 dae se stiltetyd riglyne, wat ons jou graag wil aanmoedig om te volg. Die doel daarmee is om ons te help om ‘n dagritme te vestig, waarin ons tyd saam met die Here en Sy Woord spandeer, en wat ons help om gefokus te werk aan ons verhouding met Hom. Ons gaan in die Toewydingstyd werk met die boek van Len Sweet “Out of the question...into the mystery”, wat gaan oor ‘n lewe as volgeling van Jesus.

Ons stel ook weer die Daniël Vas riglyne beskikbaar, as jy dit dalk sou oorweeg om die vas saam met ons te doen. Die rede daarvoor is tweeledig: Dit help ons om ons liggame weer ‘n bietjie gesonder te kry na die lekker vakansiekos, maar dit is ook ‘n stuk geestelike dissipline, waarin ons onself oopstel om, gestroop van die luukses van ons gewone koskas, te fokus daarop om te luister na die stem van die Here, te soek na Sy teenwoordigheid (miskien juis beter te leer kyk om Hom raak te sien), en onself beskikbaar te stel vir sy Gees, om in en deur ons te werk.

Mag dit vir jou ‘n goeie reis wees!

Maandag 25 Januarie “Volg My”

Lees Markus 1:16-20; Markus 2:13-14; Johannes 15:16

Len Sweet sê:

Jesus het nie gesê: “Volg hierdie leer”, of “volg hierdie idee”, of “volg hierdie reëls” of “volg hierdie rituele” nie. Hy het gesê: “Volg My”. Ons volg nie vir Jesus omdat ons Hom verstaan of omdat ons die waarheid van Hom weet nie. Ons volg Jesus want Hy IS die waarheid, en Hy lei ons in die waarheid deur ons verhouding met Hom. Natuurlik moet ons leer van Jesus. Tradisioneel, het die Rabbi sy dissipels geleer. Maar Jesus het die tradisies verwerp en Homself gegee. Jesus roep ons om in ‘n verhouding met die Persoon wat leer, te tree, nie om net ‘n intellektuele verstaan te hê van dit wat Hy leer nie.

Wanneer Jesus sê “Volg My”, dan gaan dit minder oor dit weet en dat glo, as wat dit daarvoor gaan dat mens jousef moet verloor, jou kruis opneem, jousef tweede stel, ander eerste stel, en Jesus volg. Die oproep om Jesus te volg, is ‘n uitnodiging om in dieselfde verhouding met Jesus te staan as die verhouding tussen Hom en die Vader.

Die definisie en die einddoel van geloof is nie “wat” nie, maar “wie” - dit gaan om Jesus.

*Om te glo, gaan nie daarvoor om sekere waardes te onderskryf nie
Om te glo, gaan nie daarvoor om sekere belydenisse op te sê nie
Om te glo, gaan nie daarvoor om sekere wette na te kom nie
Om te glo, is om Jesus te vertrou met alles wat jy is en het en droom en vrees.*

Is Christenskap ‘n leer wat mens aanhang, of die voortsetting van Jesus se bediening op aarde, mense wat leef soos Hy leef?

Is dit ‘n metode en strategie, of is dit ‘n gemeenskap met harte wat klop, harte wat bloei, harte wat breek, harte saamgebind deur en in God?

Geloof is nie iets wat ek het nie, maar iets wat ek lê.

En dit begin wanneer ek die keuse maak om Christus te volg. Dit raak my verhoudings: met God; met God se verhaal; met ander mense wat glo; met mense wat nie glo nie; met die skepping; met simbole, kuns en “goed”; met die geestelike werklikheid van die lewe.

Gebruik ‘n bietjie tyd om hieroor na te dink en met die Here te praat:

- Het jy al geantwoord op Sy roepstem wat sê: “Volg My”?
- Is jy regtig bereid dat Jesus jou vooropgestelde idees oor geloof en Christenskap kan verander – soos wat Hy met die dissipels gedoen het, toe hulle Hom begin volg het?
- Sien jy kans om te waag en te los en te volg?

**Dinsdag 26 Januarie Dissipels gehoorsaam
Lees Johannes 15:9-17**

Len Sweet sê:

Geloof (dissipelskap) gaan nie oor 'n morele lewe nie. Dis godsdienst. Geloof gaan nie daarvoor om die "goeie lewe" te leef nie, dis kapitalisme. Geloof gaan daarvoor om 'n Godlewe te lei. Die lewe in oorfloed waarvan Jesus in Joh 10:10 praat, is 'n Godlewe. Gehoorsaamheid soos waarvan Jesus praat, gaan nie oor "doen wat Ek vir jou sê" nie, dit gaan daarvoor dat ek so in God se teenwoordigheid leef, dat ek dit wat in God se hart is, sal eer, navolg, ervaar, en verdedig, en in die proses al meer soos Jesus word.

Geloof gaan minder oor "Ek glo dit of dat oor God", as wat dit gaan oor "kan ek aanvaar dat God my liefhet en my gekies het?" Kan ek aanvaar dat dit vir God saak maak wat met my gebeur en hoe my lewe lyk? Kan ek aanvaar dat God regtig met my in 'n verhouding wil wees?"

Daar is die verhaal van 'n Duitse biskop wat opgestaan het teen Hitler en die Nazis—toe hulle hom vra waar het hy die moed en deursettingsvermoë vandaan gekry het hy gesê—oor en oor het ek vir myself en almal om my gesê: "God is hier". In die proses van Christus volg en dissipelskap, is dit die wete dat God hier is, wat my vorm, my aanmoedig om anders te leef. Om heilig te word, beteken nie ek word 'n slaaf van reëls, moets en moenies, nie. Dit beteken, in verhouding met God, laat ek toe dat Hy my leer hoe Sy hart lyk, en ontdek ek hoe Hy wil hê dat ek moet leef. Gehoorsaamheid ontwikkel as ek leer om te luister na God, met Hom te stoei oor my vrae, deur Hom uitgedaag word, en waag om Hom uit te daag. Dit gebeur in 'n verhouding, nie in godsdienst nie.

Dink 'n bietjie na oor die verse in Johannes 15 wat ons gelees het en dit wat Len Sweet sê, en gesels met die Here daarvoor

- Watter manier van geloof beoefen is die moeilikste, om die reëls te volg, of om die verhouding te bou, en vanuit die verhouding te leef?
- Wat sê jou liefde vir dié om jou van jou verhouding met God?
- Waarin moet jy vandag gehoorsaam wees?

**Woensdag 27 Januarie Dissipels verstaan die Bybel se rol in ons lewe
Lees Johannes 1:1-4**

Len Sweet sê:

Die Bybel is God se manier om ons te leer van Homself. Om God te ken, en om die Bybel te ken, is nie dieselfde nie. Jesus het in Joh 5:39-40 gesê: “Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig. Tog wil julle nie na My toe kom sodat julle die lewe kan kry nie.” Ons kan die teks ken, sonder om die Skrywer te ken. Dan mis ons die punt.

Wat as ons die Bybel sou sien as God se liefdesbriewe aan ons, eerder as ‘n boek met instruksies, of antwoorde, of sistematiese teologie, of wetenskap handboek of ‘n dogmatiese woordeboek nie?

As ons die Bybel kan sien as ‘n foto album en dagboeke wat ons verbind aan ons voorgangers, wat ons leer om onself en ons familie te verstaan, as ons die Bybel kan sien as ‘n verhaalbord wat ons leer hoe om vriendskappe te vorm, met mense oor die weg te kom en probleme te hanteer, hoe anders sal ons nie na die Bybel kyk nie?

Die hoof onderwerp van die Bybel is God se verhouding met wat Hy die liefste het—Sy skepping en skepsels. Die Skrif is die verhaal van God se verhouding met ons. Vir die Jode is die kern van die verhaal die verbond, vir ons as Christene, is die kern van die verhaal iemand.

Christenskap is ‘n verhaal-spiritualiteit. Ek en jy is deel van die verhaal, maar dis nie ons verhaal nie, dit is God se verhaal. Die grootste Liefdesverhaal begin nie by ons nie, en eindig nie by ons nie. God is die Alfa en die Omega, die begin en die einde. Ek en jy is ‘n nuwe manier waarop God sy liefdesverhaal vertel.

Hoe stel ek myself oop vir God se verhaal?

1. Memoriseer en leef die verhale—nie net teksverse nie—juis deur die verhale in die Bybel leer die Here ons leef saam met Hom

2. Raak elke dag verlief op ‘n nuwe teks—leer om die Bybel te lees asof jou lewe daarvan afhang—want dit doen!

3. Vat die Woord bed toe saam met jou—maak tyd in die aand ook vir die Woord —terwyl jy slaap, raak dit deel van jou

4. Praat met die teks en hoor die teks met jou praat terwyl jy met hom stoei—lees die Woord asof geskryf vir jou, want dit is!

5. Word die Vyfde Evangelie, die Derde Testament—leef die verhaal van Jesus, moenie dit net wil vertel nie!

Dink na oor wat jy gelees het. Hoe lyk jou verhouding met die Skrif? Hoe kan jy bogenoemde beginsels in jou lewe implementeer? Praat met die Here daarvoor

**Donderdag 28 Januarie Dissipels weet ons getuienis lê in ons eenheid
Lees Johannes 15:9-17 (Weer!); Johannes 17:9-23**

Len Sweet sê:

lemand vertel dat sy buurman se basketbal paal omgeval en sy motor gekrap het, en dat sy buurman gevoel het dis nie sy skuld nie—hy sê dit was geestelik vir hom belangrik om die regte besluit te neem hoe om op te tree. Uiteindelik het hy besluit dit is belangriker vir hom om in 'n verhouding met sy buurman te wees, as om reg te wees. Verloor ons nie dalk ook mense juis omdat ons eerder reg wil wees, as om in 'n verhouding met ander mense te wees nie? Ons sal eerder reg wees oor ons posisie, ons oordeel, ons "regte" verstaan van die Bybel. En in die proses verloor ons verhoudings met ander gelowiges—omdat hulle anders dink en verstaan as ons. Wanneer Jesus aan die einde van Sy onderrig-pad met Sy dissipels kom, leer Hy hulle van familie (Joh 15) en bid Hy ook vir hulle (en ons!) wat Sy familie is (Joh 17). Dat ons een sal wees, sodat die wêreld kan weet dat God Hom gestuur het. In die moderne era, het die mense na die kerk toe gegaan en gevra "Wie is God?", in vandag se tyd kom mense kerk toe en vra "Wie is God se mense?" Dit gaan nie daaroor dat jy kerk toe gaan en Jesus daar vind nie—dit gaan juis daaroor dat waar Jesus is—daar is die kerk. En as die kerk van Christus (in wie Hy woon) is dit belangrik dat ons in ons verhoudings met mekaar, Hom sigbaar maak vir die wêreld, en natuurlik leef in liefde, soos Sy opdrag is. Daarom is dit belangrik dat ons as dissipels, moeite maak met mekaar en met ons verhoudings.

Daar is 5 "**verhoudingsreëls**" vir dissipels wat die raamwerk vorm vir geestelike groei—ons gaan vandag en more daarna kyk:

1. 'n Groeiende verhouding verdiep

Soos die verhouding verdiep, raak dit **morsiger**. Dis maklik om op die oppervlak met mense in verhouding te tree, maar as jy regtig vir mense omgee, vra dit meer. Wortels groei in grond—en as ons vir mekaar begin omgee, gaan dit kos dat ons ons hande gaan vuil maak—ons gaan deur moeilike situasies werk, om sodoende te bou aan die gemeenskap van gelowiges. Dis nie altyd maklik nie, maar dit is al hoe verhoudings groei.

Soos die verhouding verdiep, raak ons **al meer gewortel**. Ons lewens raak verweef, ons raak al meer verweef in God se verhaal, en die kerk se verhaal.

2. 'n Groeiende verhouding verinnig

Wanneer verhoudings inniger word, gebeur twee dinge, daar kom meer resonansie en meer gesprek—albei skyn die lig op God. Agente van resonansie help mense om God te beleef—'n glimlag, 'n drukkie, 'n boek—enige iets wat ons help om God se teenwoordigheid te beleef. In die gesprekke oor ons vrese en hoop en begeertes, word ons denke oor God gevorm en raak dit ons manier van leef—groeï ons.

Dink 'n bietjie oor wat jy gelees het. In watter mate is dit vir jou belangrik om reg te wees? Hoe werk jy saam aan die eenheid tussen gelowiges? Is daar verhoudings in jou geloofskring wat nodig het om te groei - en wat 'n bietjie werk nodig het?

**Vrydag 29 Januarie Dissipels weet ons getuigenis lê in ons eenheid—vervolg
Lees Johannes 17:9-23 (Weer!)**

Len Sweet sê:

Daar is 5 “**verhoudingsreëls**” vir dissipels wat die raamwerk vorm vir geestelike groei:

1. **‘n Groeiende verhouding verdiep**
2. **‘n Groeiende verhouding verinnig**

3. **‘n Groeiende verhouding gooi af -**

Enige iets wat groei, gooi af. Sommige afgooi is konstant en voorspelbaar, soos blare of vel. Maar ander is skielik, katastrofies en onseker—soos die vuur van verraad, egskeiding of dood. Die beste is om plekke te vind waar mens in relatiewe veiligheid kan afgooi. Ons moet **bly leer**—as dissipels van Christus moet ons lewenslange leerders bly, oop vir nuwe kennis, nuwe openbarings van God, en dit in ons lewe inkorporeer. En om dit te kan doen, moet ons bereid wees om vooropgestelde idees af te gooi om plek te maak vir die nuwe. Ek moet bereid wees om na ander te luister, en te besef ek moet sekere dinge **oorleer (relearn)**. Sekere idees wat ek oor die jare van God gevorm het, was dalk skeefgetrek deur skewe teologie in ‘n spesifieke konteks wat intussen verander het. Soms moet ons bereid wees om dinge **af te leer**—laat gaan wrokke, meningsverskille, voorveronderstellings wat ons groei belemmer. Soms moet ons verhoudings wat destruktief is, laat gaan. Sommige dinge wat ons glo van verhoudings en geloof moet ons afeer, sodat ons ontvanklik kan wees vir ‘n nuwe en beter verhouding met die Here.

4. **‘n Groeiende verhouding bevat repetisie**

Herhaling skep warmte en tuisdom. In besonder in ons verhouding met God en met ons medegelowiges. Rituele bring ‘n stuk behoort, tussen die warboel van ons gedagtes en lewens. Rituele help ons om te sien alles is in verhouding—bv siekte is nie net ‘n biologiese saak nie, dit raak ook jou leefstyl, jou familie, jou gemeenskap, jou werk. As gemeenskap van gelowiges deel ons met ons lewens en ons verhale in die rituele van water—doop—en vloei die Lewende water ook uit ons na ander, en rituele van bloed—nagmaal—en word ons die lewende offers wat ander help voed.

5. **‘n Groeiende verhouding staan met leë-, vuil- en oop hande**

Verhoudings groei deur gee en ontvang. God gee, ons ontvang. Om te kan ontvang wat God gee, moet ons hande oop wees. Ek moet van my eie-ek prysgee om plek te maak vir ander in my lewe. Afwesigheid laat dikwels verhoudings beter groei as om konstant in mekaar se geselskap te wees. Chaos is nie altyd sleg nie—juis te midde van die chaos kom nuwe energie los. Dis goed om soms te erken mens ken nie al die antwoorde nie—in verhoudings is dit wonderlik om telkens weer iets nuuts van mekaar te leer. Elke verhouding gaan iewers teleurstelling bring—maar werk mens daardeur, verdiep die verhouding. Konflik is deel van verhouding, en as ‘n verhouding belangrik is, hanteer mens die konflik, jy probeer nie weghardloop daarvan nie. Elke verhouding het reëls, en die belangrikste reël, is liefde. Kies altyd eerste die pad van liefde.

Praat hieroor met die Here. Dink weer wat jou verhoudings nodig het.

Saterdag 30 Januarie Dissipels waag dit om buite hulle kring vriende te maak

Lees Markus 2:13-17

Len Sweet sê:

Jesus nooi ons nie om stil te bly en te luister nie, maar om Hom te volg en ander te dien. God se grootste begeerte is om ons sò lief te hê, dat ons Hom en ander ook sal liefhê. Dat ons liefde saam met God se liefde, mense se lewens sal verander. Ons word nie geroep om mense in ons verhaal in te pas nie, maar om saam met hulle te ontdek waar God reeds werksaam en teenwoordig is in hulle eie verhaal.

Die klassieke verhaal van iemand wat 'n vreemdeling verwelkom, is Abraham en die vreemdelinge by Mamre. God kom na hom in die vermomming van 'n vreemdeling, eet aan sy tafel, en noem hom Sy vriend. Hiermee kom wys die Here dat dit belangrik is om die vreemdelinge ook te verwelkom.

Jesus het nie daarvan gehou om alleen te eet nie. Hy het dikwels saam met vreemdelinge tyd aan tafel spandeer. Hy was so honger vir mense soos wat Hy honger was vir kos. Om saam te eet, bou verhoudings. G'n wonder die oudste bestaande resep, is een vir 'n sosiale drankie nie—vir bier!

Jesus het oor en oor kosverhale vertel, en kosrituele volvoer, wat mense genooi het om die gasvryheid van God te ontdek en ervaar.

Die grootste siekte van ons tyd is nie kanker of depressie nie, dis eensaamheid! Ons het mekaar nodig. Daar is iemand wat jou nodig het!

Ware verhoudings met ander skuif die eie-ek uit die middelpunt. Leer ons die wêreld draai nie net om my nie. Verhoudings met mense anders as ek, breek deur die grense wat ons van mekaar verwyder. Telkens wanneer ons die vrees vir ander oorkom, groei ons geloof.

Dissipels besef 'n lewe van geloof gaan daaroor dat ons verhoudings bou—dië wat sterk is, moet die swakkes beskerm, die rykes moet die armes dien, dië wat binne is, moet dië wat buite is, binne nooi. Jesus het sy dissipels weggeneem uit die isolasie van hulle gemeenskaps- en familielewe, en hulle nuwe verhoudings laat bou met buitelanders, vreemdelinge, kinders, vroue, melaatses, uitgeworpenes uit die samelewing.

Vreemdelinge stel ons bekend aan soveel meer—diversiteit, talent, innoverende denke, nuwe kos, 'n nuwe waardering vir dit wat ons as vanselfsprekend ervaar.

Dink 'n bietjie hieroor na—wat vertel jou gasvryheid teenoor hulle wat anders as jy is, van jou dissipelwees?

Hoe gemaklik sou jy regtig gewees het aan tafel saam met Jesus en almal wat Hy genooi het?

Hoe kan jy jou etenstye heilige oomblikke maak? Praat met God hieroor

Sondag 31 Januarie Dissipels leer ook hulle vyande liefhê

Lees Matteus 25:31-45; Matteus 5:43-48

Len Sweet sê:

Jesus het veral daarvan gehou om by die armes, die randfigure, dié wat vergeet is, te wees. Wie word genooi na die tafel—die gebrekkiges, uitgeworpenes, misgekykdes. Vir Jesus was dit nie “Armes en uitgeworpenes, vind vir julle ‘n kerk”, nie, dit was “Kerk mense, vind vir julle die armes en die uitgeworpenes.” En in die gedeelte wat ons gelees het, sê Jesus pertinent—hulle is Hy—“vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes gedoen het, het julle dit aan My ook gedoen.” So, die kerk wat sy rug op die randfigure draai, draai die rug op Jesus. Moeder Theresa het dikwels gesê dis populêr om oor die armes te praat, maar dis nie naastenby so populêr om met die armes te praat nie. Jesus roep ons om—soos Hy—‘n vriend van die sondaars te wees. Dit beteken ek moet verhoudings bou met mense buite die wentelbaan van my morele lewe. Dit beteken ek moet hulle vriend word, en hulle liefkry. Dit beteken ek moet hulle en hul verskille aanvaar, en oop wees om verryk te word deur hierdie verskille. Dit beteken ek moet bereid wees om Jesus te vind op plekke en in mense waar ek nie eintlik verwag het Hy sou wees nie. Selfs by Sy laaste maaltyd, verwelkom Jesus sy vyand—vir Judas. Hy het hom regtig liefgehad. Jesus sê ons moet ons vyande liefhê. Jesus het ook vir daardie persoon gestert!

Dis belangrik om te besef ons het elkeen ‘n stuk sonde in ons. Ons steek dit dalk beter weg as ander, of hou dit mooi onder beheer, maar net omdat dit nie so sigbaar is vir almal nie, beteken nie ek het dit nie. Beide die beauty en die beast leef in ons, ons is almal slagoffers en oortreders. En wanneer ons in verhouding met ander tree, moet ons ont-hou dit is wie ons is, en dit is wie hulle is.

Sonde gaan nie oor die oortree van wette nie, dit gaan oor die vernietiging van verhoudings. As ons sonde doen, breek ons God se hart. Daarom is die antwoord vir sonde nie beter opvoeding of meer selfbeheersing nie, maar herstel van die verhouding, die Kruis.

Die gelykenis van die verlore seun vertel van die hart van God—‘n patroon van redding, wat sonde, berou, en gratis vergifnis sonder enige voorwaardes anders as sy berou vra. Die pa wag nie eers vir die verskoning nie—hy hardloop en omhels hom. Die vraag is dikwels: wie is regtig die verlore seun? Die jong boetie, of die ouer broer? Miskien verteenwoordig hulle die twee kante in onself—die kant wat weggraak en berou het, en weet ek verdien nie die genade nie; en die kant wat wil oordeel oor hulle wat weggeraak het, eintlik jaloers is oor die genade wat hulle onverdiend ontvang. Wat het die ouer broer gemis, dat hy op die punt gekom het dat hy voel hy werk soos ‘n slaaf? Die verhouding. Hy het vergeet dat sy pa vir hom lief is.

Die rol van die kerk is om partytjies te hou vir almal wat weggeraak het en terug-kom. Om te sê: “Waar jou ver land ookal is—geografies of in jou hart—dit is nie te ver vir God om jou te bereik en fees te vier wanneer jy tuis kom nie. Die gelykenis sê duidelik dat God almal in die huis wil hê. As ons as dissipels verhoudings met hulle buite God se familie wil vorm, moet ons verstaan dat ander in die kern van ons verhouding met God staan. Ons ontmoet Jesus in ons verhouding met ander. Ons is self vreemdelinge. Ons leer mense liefkry wanneer ons leer dat Jesus hulle liefhet.

Dink ‘n bietjie hieroor na—wat het jy vandag gelees of gehoor waaroor jy verder wil dink, en dalk iets wil doen—praat met God daaroor

Maandag 1 Februarie Dissipels besef hulle is deel van God se skepping

Lees Genesis 1

Len Sweet sê:

Wanneer ons God ontmoet, ontmoet ons Sy skepping. Ons verhouding met God, kan nie losgemaak word van ons verhouding met die skepping nie. Wanneer ons 'n boom plant, dit water gee, vir dit sorg, begin 'n verhouding ontstaan met die boom. Dit word 'n vriend.

Hoe lyk jou verhouding met God se skepping? Ook deur die natuur kom ons naby aan God. Jesus het gunsteling heilige plekke gehad, die berge, die woestyn, die mere en see. Hy bid graag in die woestyn en in die tuin.

Ons is geestelike wesens in fisiese liggame. En ons het die natuur nodig. Kontak met die natuur kan genees—of dit 'n stap in die bos is, 'n rit op 'n mooi pad, selfs 'n mooi natuurfoto op jou rekenaar. Kontak met die natuur het 'n kalmerende, helende uitwerking. Na afloop van 'n operasie, genees hulle wat uitkyk op bome, vinniger en hulle het minder pynmedikasie nodig, as mense wat in 'n baksteenmuur vaskyk.

In Jesus se lewe speel diere 'n rol: Hy is gebore in die huis van die diere, nie mense nie; die voël wat neerdaal toe Hy gedoop is, is nie 'n magtige arend of 'n valk nie, maar 'n weggooi-voël—'n duif. Hy praat van die kraaie en die mossies, voëls wat eintlik nie raakgesien word nie. Sy triomfantlike intog in Jerusalem is op 'n donkie—en Hy wil nie die ma en die vulletjie van mekaar skei nie, daarom word albei vir Hom gebring.

Ons verhouding met God sluit ook ons verhouding met alles wat God geskep het, in. Ons het 'n verantwoordelikheid om na die skepping om te sien. Ons het 'n verantwoordelikheid oor hoe ons leefstyl en ons leefstylkeuses die skepping beïnvloed. Ons kan nie langer maak asof dit ons nie raak nie.

As ons God liefhet, moet ons ook dit liefhê wat Hy gemaak het.

Dink 'n bietjie na: Watter rol speel die natuur in jou verhouding met God?

Hoe kan jy in jou invloed sfeer 'n verskil maak in die beskerming/ bewaring van die natuur om jou? (Dink sommer ook aan jou reisgewoontes en eetgewoontes, jou gesin se waterverbruik)

Praat met die Here hieroor

Dinsdag 2 Februarie Dissipels LEEF kreatief!
Lees Handeling 2:41-47

Len Sweet sê:

Die heelal is God se kunswerk. Ons planeet is God se grootste kunswerk, en mense is God se magnum opus! Ons vind nie vir God deur van die wêreld te onttrek nie, ons vind God juis wanneer ons in die lewe leef! Ons word medeskeppers van God wat skoonheid en grasia in die lewe inbring deur literatuur, film, musiek en kuns. Christenskap is om geloof uit te leef, nie om net daaroor te praat nie. Johannes begin sy evangelie deur te sê die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Nie net 'n mooi konsep of 'n gedagte nie—vleeslik, mens, konkreet, lewend!

Gewone artikels help ons dikwels om te onthou, en betekenis te gee aan momente en herinneringe. En dit het dikwels 'n sakramentele inhoud, wat iets vertel van God se teenwoordigheid en pad met mense. Dink aan Ragab se venster, Nabot se wingerd, Simson se hare, Potifar se huis, Bileam se donkie, Moses se staf, Josef se kleed, Dawid se klip-pies. Verhoudings met hierdie objekte het die geskiedenis van die Joodse Christendom gevorm.

Ons is kunswerke—nie massa geproduseer nie, maar uniek vervaardig deur God. So kan kunswerke ons ook op 'n besondere manier aan God bind. Juis omdat mense nie gesonde verhoudings met dinge het nie, ontwikkel verbruikersmentaliteit en materialisme. Ons het verloor om iets lief te hê omdat dit 'n storie het wat my herinner aan God se pad met my en my familie en my gesin. Rykdom in die Bybel gaan nie soseer oor goed nie, dit gaan oor verhoudingsrykdom, 'n vredesverhouding met God, met ander mense en met die wêreld.

Kuns is 'n voortsetting van God se kreatiwiteit deur die menslike verbeelding. Sien ons kuns as objek of as skoonheid wat die skoonheid van God en die skoonheid wat God skep, reflekteer?

In die gedeelte wat ons gelees het, staan: "hulle het ...van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydschap en in alle eenvoud geëet, en God geprys." As hulle saamgekom het, het hulle geëet—kos is waarskynlik die eenvoudigste voorbeeld van gelowiges se verhouding met "dinge". Christenskap het gegroei rondom tafels, nie preekstoel of boeke nie. Soos Jesus en Sy dissipels om die tafel gekuier het, het die eerste kerk dit ook gedoen. In Openbaring eindig dit alles met 'n feesmaal. Vandag weet ons ook—rondom 'n etenstafel word die bande gebou—juis daar vind ek God so dikwels. Ons verhouding met kos vertel baie van ons verhouding met ander, met die skepping en met God. Om op te daag vir 'n ete, is om op te daag vir die lewe, is om op te daag vir God. Sekere kosse wek heilige herinneringe op, aan heilige tye, plekke en mense.

Ons verhouding met boeke is kosbaar, daar waar ons uitgedaag word om nuut te dink, die ou waarhede herontdek.

Ons verhouding met tegnologie (love/hate!), stel ons in staat om ons werk te doen, nuwe wêreld te ontdek, en die Waarheid uit te dra.

Dink 'n bietjie na oor die dinge wat vir jou kosbaar is—kyk om jou rond, en onthou hulle stories.

Watter rol speel kos in jou lewe?

Is daar kosbare boeke wat jou verbind aan God op 'n besondere manier?

Hoe sien jy jou verhouding met tegnologie?

Woensdag 3 Februarie Dissipels leef in 'n ander werklikheid
Lees Kolossense 1:26-27

Len Sweet sê:

Soos Abraham in die OT ontdek het, rek geloof jou siel tot jou lewe onderstebo en binneste-buite gedraai is. Ook jou opinie van "normaal" en "gek", en wat 'n "goeie lewe" is. Die Bybel het eintlik 'n waarskuwing op elke bladsy, wat sê: "Pasop, jy gaan nooit weer dieselfde wees nie!"

Die Evangelies breek vir ons 'n nuwe wêreld oop, in verhouding met Jesus. Waar die sagmoediges die aarde beërwe, vyande liefgehê word, krag in gebrokenheid lê, tweede myle en tweede kanse die norm is, en mense lalles behalwe 'n normale lewe leef. Dissipels moet leer om met nuwe oë na die bekende te kyk, en te sien hoe die nuwe aarde oor die oue skuif. Jesus is nie voorspelbaar nie, kan nie in 'n formule vasgevang word nie. Elke wonderwerk is anders, elke persoon het Hy op 'n unieke wyse hanteer. En vandag is dit ook so. Hy loop met ons elkeen 'n unieke pad. Ons wil graag met formules en planne werk, want dan voel ons ons het beheer daaroor. Maar die Gees waai waar Hy wil.

In die Modernistiese tyd het teoloë God so omskryf en beskryf, asof hulle alles van Hom weet. In die post-modernisme waarin ons nou leef, is mense baie gemakliker om te sê: "Ons weet nie" - en om nie te weet nie, hoef nie jou geloof te laat wankel nie. Intendeel, dit bevestig juis dat God soveel groter is as wat ons ooit kan bid of dink. Dis tyd om te beweeg van 'n geloof wat God wil verstaan, na 'n geloof wat in 'n verhouding met God wil staan, naby aan Sy hart wil kom.

Die verleentheid van Christenskap is ook sy grootste misterie—Christus in ons. Dat God kies om in ons te woon, en Homself sigbaar te maak deur ons. Ons word geroep om deel van hierdie misterie te word—nie om 'n nuwe bediening te begin nie, maar om Christus se bediening voort te sit. Ons neem nie Sy bediening oor nie, maar Hy werk nou in en deur ons. Die wonder van dissipels wees, is dat ons wat van stof gemaak is, die naam van Christus mag dra: Christen.

*Ons vind die waarheid, en help om die geheime en misterie van God in Christus sigbaar te maak, wanneer ons besluit om te volg wanneer Jesus sê: "Volg My"
Daar kom 'n tyd om nie meer te praat nie, maar te volg.*

Dink 'n bietjie: Hoe voel jy oor die misterie van God, van die lewe? Al die vrae waarop dit nie lyk of daar antwoorde is nie?

Wat is dit van Christus wat vir jou moeilik is om te verstaan?

Kan jy dit waag om op te hou praat daaroor en werklik te begin volg?

Praat met God daaroor—en doen dit dan!